## Kan ek enige-iets van God vra en Hy sal dit vir my gee?

**Donderdag 30 September 2021**

**1 Joh 5:14,15**

"En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat **Hy ons gebede verhoor** as ons enigiets **volgens sy wil vra**. En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra."

**Fil 4:6,7**

"Moet oor niks besorg wees nie, maar maak **in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.** En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus."

**Hoe kan ons seker wees dat God ons gebede sal hoor en verhoor?** Johannes gee die antwoord. Dit is as ons vra, in onderdanigheid, alles **volgens die wil van God**. Trouens Jesus Christus het ons ook geleer om te bid: **"Laat U wil geskied,** soos in die hemel net so ook op die aarde." Dit is die derde bede van die Onse Vader. (Mat 6:10)

**Jesus Christus het trouens self ook so gebid in die tuin van Getsemane**. **Mat 26:39** "En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; **nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil."**

**God vra dat ons moet bid.** God vra ons dat ons in besonder na Hom toe moet gaan met ons nood en behoeftes en begeertes in die gebed. God vra dat ons moet bid vir alles wat ons nodig het. Trouens deur Jesus Christus, moet ons na God toe gaan en ook in die Naam van Jesus Christus bid.

**God belowe dat Hy ons gebede sal verhoor.** Ja God belowe dat Hy ons gebede sal verhoor. God verhoor elke gebed wat ons bid. Al dink ons soms dat God nie ons gebede hoor nie, wat nog te sê verhoor. Ons moet weet dat God aan ons wil goed doen. Maar soms verhoor Hy nie 'n gebed soos wat ons vra of wil hê nie, maar soos wat dit volgens sy Raadsplan is, soos wat dit vir ons goed is.

**God leer aan ons om te bid en te vra wat volgens sy wil is.** Ons dink dikwels omdat ek 'n Christen is, of omdat ek so 'n gelowige en gehoorsame mens is, sal God altyd al my gebede verhoor, **SOOS wat ek bid of vra volgens my begeertes en behoeftes. MAAR** geliefdes, dit is nie soos wat ek wil nie, maar soos wat God wil. Dikwels handel ons gebede oor my begeertes, my behoeftes, my wil, my sake, sake wat tot my voordeel is. Maar ons lees baie duidelik in die 1953 Afrikaanse Bybelvertaling **1 Joh 5:14,15** "En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra **volgens sy wil**. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het."

Alles gaan daaroor dat ons so uit die geloof lewe, dat God alles in ons lewens is. God vra van ons dat ons sal lewe en werk en dink en **bid volgens Sy Wil**. Ons moet so bid dat alles wat ons wil en dink en doen, tot eer van God en tot uitbreiding van Sy Kerk en Koninkryk sal wees.

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com***